# Biosfeer & Biodiversiteit

## 1. DIE BIOSFEER

### 1.1 Konsep van die Biosfeer

- Betekenis: "Bio" (lewe) + "Sfeer" (aarde se vorm)
- Bestaan uit:
  - Litosfeer: Grond, sebodem en gesteentes op die aarde se kors
  - Hidrosfeer: Alle water (oseane, mere, riviere, ondergrondse water)
  - Atmosfeer: Gaslaag (ondersteun lewe)
- Lewende organismes: Lewende wesens en dooie organiese materie

### 1.2 Lewende Organismes in die Biosfeer

- Litosfeer: Plante (akasiabome, varings, eetbare plante), diere (olifante, miere), mikroörganismes (protosoë, stikstofbindende bakterieë)
- Hidrosfeer: Plante (seewier, alge), diere (visspesies, dolfyne, walvisse), mikroörganismes (amebes, plankton)
- Atmosfeer: Voëls, vlieënde insekte, bakterieë

### 1.3 Die Sewe Lewensprosesse

- Voeding: Gebruik van voedsel vir oorlewing
- Groei: Groei en herstel van beskadigde dele
- Voortplanting: Produseer nageslag
- Respirasie: Energie uit glukose
- Uitskeiding: Verwydering van afval
- Sensitiwiteit: Reaksie op omgewing
- Beweging: Vermoë om te beweeg

### 1.4 Vereistes vir Volhoubaarheid van Lewe

- Energie:
  - Sonenergie vir fotosintese
  - Plante: Produsente
  - Diere en mense: Verbruikers van voedsel en brandstof
- Gasse:
  - Stikstof (78%): Proteïensintese
  - Suurstof (21%): Noodsaaklik vir respirasie
  - Koolstofdioksied: Vir fotosintese
- Water:
  - Belangrik vir fotosintese en voedingstofopname
  - Diere en plante benodig water vir oorlewing
- Grond:
  - Voorsien water en voedingstowwe
  - Anker plante
  - Nodig vir voedselproduksie
- Gunstige Temperatuur:
  - Lewende dinge oorleef binne 'n spesifieke temperatuurspeling
  - Temperatureresikulasies beïnvloed waterfases (ys, verdamping)

### 1.5 Aanpassing by die Omgewing

- Lewende dinge pas aan om in hul habitat te oorleef en te floreer

## 2. BIODIVERSITEIT

- Lewende Organismes: Mikroörganismes, bome, olifante, blou walvisse
- Taksonomie: Klassifiseer lewende dinge in 'n stelsel gebaseer op kenmerke

### 2.1 Konsep van Klassifikasiestelsel

- Biodiversiteit: Plante, diere, mikroörganismes, habitatte
- Klassifikasie: Groepeer lewende en nie-lewende dinge volgens gedeelde kenmerke

### 2.2 Die 5 Koninkryke van Lewende Organismes

- Bakterieë: Eensellig, geen nukleus
- Protosoë: Eensellig, met nukleus
- Fungi: Kry kos van omgewing
- Plante: Fotosinteer, maak eie kos
- Diere: Verbruikers, beweeg baie

### 2.3 Verskille tussen Plante en Diere

- Beweging:
  Plante – basies;
  Diere – kompleks
- Voeding:
  Plante – fotosintese;
  Diere – eet plante/ander diere
- Voortplanting:
  Plante – omgewing afhanklik;
  Diere – interaksie

### 2.4 Onderafdelings van Koninkryke

- Onderverdelings: Filums, klasse, families, ordes, genusse, spesies
- Spesie: Kleinste klassifikasie, kan voortplant

### 2.5 Diversiteit van Diere:

- Hoofgroepe:
  - Invertebrate (geen ruggraat),
  - Vertebrate (met ruggraat)
- Eksoskelet: Invertebrate beskerming
- Werwelkolom: Vertebrate struktuur

### 2.6 Vertebrate

- Visse: Koudbloedig, kieue, vinne, eiers lê
- Amfibieë: Koudbloedig, water & land, metamorfose
- Reptiele: Koudbloedig, skubbe, eiers lê
- Voëls: Warmbloedig, vere, eiers lê
- Soogdiere: Warmbloedig, melkkliere, lewendige geboorte

### 2.7 Invertebrate

- Artropodes: Eksoskelet, gelede pote
  - Insekte: Kop, borsstuk, agterlyf, ses pote
  - Aragniede: Kopborsstuk, agterlyf, agt pote
  - Krustaseë: Vyf paar pote, harde eksoskelet, kieue
- Molluske: Sagte liggame, sommige met harde doppe
  - Landslak: Klam habitat, spiervoet vir beweging

### 2.8 Diversiteit van Plante

- Met/Sonder Sade: Varings (spore), mielies (sade)
- Angiosperme: Blomplante, saad in vrug
- Gimnosperme: Keëls, geen vrugbeginsel

### 2.9 Tweesaadlobbiges en Eensaadlobbiges

- Eensaadlobbiges:
  - Bywortelstelsel, parallel beaarde blare, bv. mielies
- Tweesaadlobbiges:
  - Penwortelstelsel, beaarde blare, bv. boontjies

© Kopiereg 2018–2025

# 1. Biosfeer

- Die biosfeer bestaan uit drie lae:
  - Litosfeer: Grond en gesteentes op die land en seebodem.
  - Hidrosfeer: Al die water op aarde (oseane, mere, riviere, ondergrondse water).
  - Atmosfeer: Gasse rondom die aarde wat lewe moontlik maak.
- Lewende dinge benodig energie, gasse, water, grond en gunstige temperature om te oorleef.

## 1.1 Konsep van die Biosfeer

- Die biosfeer is die deel van die aarde waar lewe voorkom.
  - "Bio" beteken lewe; "sfeer" verwys na die aarde se vorm.
- Lewende organismes leef in die biosfeer en word deel van die biosfeer as hulle sterf (dooie organiese materie).



## 1.2 Lewende Organismes in die Biosfeer

Elke laag van die biosfeer bevat verskillende lewende dinge:

- Litosfeer:
  - Plante: Akasiabome, varings, spinasie, aartappels.
  - Diere: Olifante, miere, en ander.
  - Mikroörganismes:
    - Protosoë (breek organiese materie af).
    - Stikstofbindende bakterieë (maak grond vrugbaarder).
- Hidrosfeer:
  - Plante: Seewier, alge.
  - Diere: See-anemone, visse, dolfyne, walvisse.
  - Mikroörganismes: Amebes, plankton.
- Atmosfeer:
  - Diere: Voëls en vlieënde insekte.
  - Mikroörganismes: Bakterieë wat in die lug sweef.







## 1.3 Die Sewe Lewensprosesse

Onthou so:

- Vlooi • Voeding: Inname en gebruik van voedsel vir oorlewing en groei.
- Gaan • Groei: Groter word en beskadigde dele herstel/vervang.
- Vinnig • Voortplanting: Produseer nuwe lewende dinge van dieselfde soort.
- Ry. • Respirasie: Vrystelling van energie uit glukose.
- Uil • Uitskeiding: Verwydering van afvalstowwe uit die liggaam.
- Sing • Sensitiwiteit: Reaksie op veranderinge in die omgewing.
- Bly! • Beweging: Vermoë om van posisie te verander.

## 1.4 Vereistes vir Volhoubaarheid van Lewe

### Energie

- Energie kom van die son.
  - Plante: Absorbeer sonenergie vir fotosintese en produseer voedsel (produsente).
  - Diere: Kry energie deur plante direk of indirek te eet (verbruikers).
- Plantprodukte soos mielies, rys en koring word in stysel omgeskakel vir energie.
- Hout en steenkool word as brandstof gebruik vir hitte-energie.

### Gasse

- Die atmosfeer bevat 78% stikstof en 21% suurstof.
  - Stikstof: Nodig vir proteïene wat spiere, breinweefsel, hare en vel vorm.
  - Suurstof: Noodsaaklik vir respirasie.
  - Koolstofdioksied: Diere stel dit vry tydens uitaseming; plante gebruik dit vir fotosintese en stel suurstof vry.

### Water

- Water is noodsaaklik vir alle lewensprosesse.
  - Plante: Absorbeer voedingstowwe uit water in die grond.
  - Diere: Drink water om vitamiene, minerale en voedingstowwe uit voedsel te absorbeer.
- Water is nodig vir fotosintese, wat voedsel in plante produseer.

### Grond

- Plante groei in grond, wat water en voedingstowwe voorsien en plante anker.
- Grond bevat lewende organismes en nie-lewende elemente.
- Grond is abioties (nie-lewend) maar noodsaaklik vir voedselproduksie in plante.
- Alle diere oorleef direk of indirek deur voedsel wat deur plante geproduseer word.

### Gunstige Temperatuur

- Te warm of te koud = Lewende dinge sterf.
- Temperatuur wissel van -50°C tot 50°C.
- Beïnvloed water se toestand:
  - Streke soos die Noord- en Suidpool = ys.
  - Warm streke = hoë humiditeit en verdamping.